## **245** Kom kyk, kom hier

Kom, kyk, kom hier, voor die krip en kniel,
dit is Hy die Kind, dis is Hy die Heer.
Die eng’le sing en die kalwers bulk,
want Jesus die Heer is gebore.

Kom nou alle mense saam,
kom bring Hom eer, kom loof sy Naam.
Kom nou alle mense saam,
voor Maria se Kind, die Here.

So arm was Hy, so ned’rig klein,
‘n kindjie broos, uit ‘n Maag so rein.
Wie sou kon glo, wie sou kon dink,
God’s Woord in die vlees gebore.

Kom kroon nou ons God en Heer,
Hy sterf vir ons, uit liefde teer.
Kom nou alle mense saam,
voor Maria se Kind, die Here.

Ons bring Hom goud, ons eer sy naam,
met wierook huldig ons Hom saam.
O Koning groot en Heiland teer,
O Kindjie skon, ek wil U eer.

Kom Heer, heilig nou my hart,
vat sonde weg, verdelg my smart.
Kom nou alle mense saam,
voor Maria se Kind, die Here.